



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2023

10711

REKENINGKUNDE

(VRAESTEL 1)

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

14 bladsye + 1 formuleblad en 'n 11 bladsye-antwoordboek

REKENINGKUNDE V1



10711A

X05



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt.
7. As jy so verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Behoue Inkomste Nota en Staat van Finansiële Posisie	55	45
2	Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers	45	35
3	Vertolking van Finansiële State	35	30
4	Korporatiewe Bestuur	15	10
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: BEHOUE INKOMSTE NOTA EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE
(55 punte; 45 minute)

TSATSI BPK

Tsatsi Bpk verskaf en installeer verskillende soorte sonpanele teen 'n vaste koste. Inligting vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2023 word aan jou voorgelê.

GEVRA:

1.1 Verwys na Inligting B (i).

Bereken die waarde van die slotvoorraad van sonpanele. (5)

1.2 Gebruik Inligting B (ii) en (iii) om die ontbrekende syfers aangedui deur **(i – iii)** in die Vaste/Tasbare Bate Nota, te bereken. (12)

1.3 Voltooi die Behoue Inkomste Nota. (10)

1.4 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 30 Junie 2023. Waar notas nie verlang word nie, moet berekeninge getoon word. (28)

INLIGTING:

A. Saldo's/Totale op 30 Junie 2023:

	2023
Gewone aandelekapitaal	1 755 000
Behoue inkomste	1 045 000
Lening: Shiloh Bank	609 840
Vaste bates teen drawaarde	?
Vaste deposito: BNP Bank	582 000
Voorraad	?
Netto handelsdebiteure	209 100
Bank (gunstig)	?
Deposito: Water en elektrisiteit	11 000
SAID: Inkomstebelasting (Voorlopige betalings)	359 000
Handelskrediteure	763 860
Aandeelhouers vir dividende	260 000
Huuruitgawe	91 280
Direkteursfooie	1 824 000

B. ADDISIONELE INLIGTING

- (i)
- Tsatsi Bpk verkoop sonpanele teen 'n standaard koers van R10 500 per eenheid.
 - 'n Winsopslag van 25% op kosprys word gehandhaaf.
 - Die spesifieke identifikasiemetode word gebruik om die sonpanele te waardeer.
 - Die inligting ten opsigte van die sonpanele is as volg:

	EENHEDE	EENHEID PRYS	TOTAAL R
Beginvoorraad: 1 Julie 2022	78		
Aankope gedurende die jaar	631		
Slotvoorraad: 30 Junie 2023	?		?
Eenhede verkoop	602	10 500	6 321 000

- (ii) **Nota tot die Balansstaat op 30 Junie 2023:**

VASTE/TASBARE BATES	TOERUSTING	VOERTUIG
Drawaarde – 1 Julie 2022	50 000	519 200
Kosprys	561 000	814 000
Opgehoopte waardevermindering	(511 000)	(i)
Bewegings		
Toevoegings teen kosprys	55 000	0
Bateverkope teen drawaarde	0	(iii)
Waardevermindering	(ii)	(98 890)
Drawaarde – 30 Junie 2023		
Kosprys	616 000	649 000
Opgehoopte waardevermindering		

- (iii) **Besonderhede van vaste bates:**

Grond en Geboue:

- Die maatskappy besit ook eiendom.

Toerusting:

- Nuwe toerusting is op 31 Desember 2022 aangekoop. Hierdie transaksie is behoorlik aangeteken.
- Waardevermindering word bereken teen 10% p.j. op kosprys.

Voertuie:

'n Voertuig is op 31 Maart 2023 vir kontant verkoop. Dit is korrek in die onderneming se boeke aangeteken.

Volgens die Vastebateregister, is die besonderhede van die verkoop van die voertuig as volg:

Kosprys	?
Opgehoopde waardevermindering op 1 Julie 2022	R66 000
Waardevermindering op verminderde saldo metode	20% p.j.
Wins met verkoop van voertuie	R3 350

LET WEL: Waardevermindering vir die finansiële jaar op alle voertuie is akkuraat op R98 890 bereken.

(iv) 'n Krediteur met 'n kredietsaldo van R1 500 in die Krediteurgrootboek, moet nog na sy rekening in die Debiteurgrootboek oorgedra word.

(v) 'n Stoorkamer word sedert 1 Oktober 2022 teen R11 200 per maand gehuur. Die huur is op 1 April 2023 met 7,5% per maand verhoog. Maak voorsiening vir die uitstaande huur.

(vi) **Lening: Shiloh Bank**

Die leningstaat van Shiloh Bank toon die volgende:

- Totale betalings (insluitende rente) R225 400
- Rente gekapitaliseer R 83 160
- Saldo aan die einde (30 Junie 2023) ?

LET WEL: 20% van die lening sal gedurende die volgende finansiële jaar vereffen word.

(vii) Die maatskappy het drie direkteure wat dieselfde fooi verdien. Een direkteur is twee maande vooruit betaal.

(viii) **Aandelekapitaal en dividende:**

Gemagtigde aandelekapitaal: 3 000 000 gewone aandele

DATUM	BESONDERHEDE
1 Julie 2022	1 500 000 uitgereikte aandele.
31 Desember 2022	'n Interim dividend van 12 sent per aandeel is verklaar en betaal.
1 Maart 2023	Aandele is teen R1,50 teruggekoop. Die gemiddelde aandeleprys van R1,35 is akkuraat op daardie dag bereken.
30 Junie 2023	'n Finale dividend is verklaar.

LET WEL: Geen addisionele aandele is gedurende die jaar uitgereik nie.

(ix) **Inkomstebelasting vir 2023:**

Inkomstebelasting vir die finansiële jaar is akkuraat bereken op R309 000.
Inkomstebelasting word bereken teen 30% van die netto wins.

(x) **Finansiële aanwyser:**

Nadat alle aansuiwerings in ag geneem is, is die bedryfskapitaal
verhouding akkuraat op **1,2 : 1** bereken.

VRAAG 2: KONTANTVLOEI EN FINANSIËLE AANWYSERS

(45 punte; 35 minute)

- 2.1 Kies die korrekte term om elk van die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

bedryfsbate; uitvloeï van kontant; nie-bedryfsbate; nie-bedryfslas; invloeï van kontant
--

2.1.1 'n Verbandlening om die aankoop van nuwe eiendom te finansier, is 'n ...

2.1.2 'n Toename in debiteure sal 'n ... aandui.

2.1.3 Onverbruikte verpakkingsmateriaal aan die einde van die finansiële jaar is 'n ...

(3 x 1) (3)

2.2 RANGA BPK

Die onderstaande inligting is verkry uit die rekeningkundige rekords van Ranga Bpk. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2023.

GEVRA:

2.2.1 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeiastaat en Notas:

- Voorraad bedrag op 28 Februarie 2023 (2)
- Inkomstebelasting betaal (4)
- Dividende betaal (3)
- Aankoop van vaste bates (5)

2.2.2 Voltooi die Kontantgevolge van die Finansierings Aktiwiteite gedeelte van die Kontantvloeiastaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023. (8)

2.2.3 Voltooi die afdeling van Kontant en Kontantekwivalente in die Kontantvloeiastaat. (6)

2.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2023:

- % netto wins voor belasting op verkope (3)
- Bedryfskapitaal verhouding (3)
- Dividende per aandeel (4)
- % opbrengs op aandeelhouersekuiteit (4)

INLIGTING:

A. Inligting van die Staat van Omvattende Inkomste op 28 Februarie 2023:

Verkope	8 240 000
Waardevermindering	113 125
Wins voor rente uitgawe	1 066 340
Rente uitgawe	128 460
Inkomstebelasting	358 440
Netto wins na belasting	836 360

B. Uittreksel van die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2023:

	28 Februarie 2023 (R)	28 Februarie 2022 (R)
Bedryfsbates	1 430 000	2 521 000
Voorraad	?	1 450 000
Handels- en ander ontvangbares	?	689 000
Kontant en kontantekwivalente	0	382 000
Aandeelhouersekewiteit	13 941 500	10 312 350
Gewone aandeelkapitaal	13 440 000	9 700 000
Behoue inkomste	501 500	612 350
Langtermyn lening: CZ Bank	2 850 400	4 500 500
Bedryfslaste	650 000	900 000
Handels en ander betaalbares		
Aandeelhouders vir dividende	315 000	65 000
SAID (inkomstebelasting)	72 000	102 000
Oortrokke bank	?	0

C. Items verkry vanuit die Kontantvloeiastaat en Notas op 28 Februarie 2023:

	Bedrag	Verandering
Voorraad	390 000	<i>uitvloei</i>
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	862 700	<i>invloei</i>
Kontantvloei uit beleggings aktiwiteite	3 132 600	<i>uitvloei</i>

D. VASTE BATES:

- 'n Nuwe afleweringsvoertuig is halfpad deur die jaar aangekoop. Die waardevermindering op die aangekoopte voertuig beloop R44 175.
- Waardevermindering op voertuie word bereken teen 15% op kosprys.
- Toerusting aangekoop gedurende die jaar beloop R62 000.
- Ranga Bpk het 'n gedeelte van sy gebou aan een van die direkteure verkoop.

E. GEWONE AANDELEKAPITAAL:

- Die maatskappy het op 1 Maart 2022, die begin van die finansiële jaar, 2 500 000 uitgereikte gewone aandele gehad.
- Op 15 Mei 2022 het die direkteure 'n addisionele 1 000 000 gewone aandele uitgereik.
- Gewone aandele is op 31 Januarie 2023 deur die direkteure vir R1 500 000 teruggekoop.
- Op 28 Februarie 2023, die einde van die finansiële jaar, was daar 3 200 000 uitgereikte aandele.

F. DIVIDENDE:

- Die direkteure het 'n interim dividend van 5 sent per aandeel op 30 September 2022 betaal.
- 'n Finale dividend is aan alle aandeelhouers op 28 Februarie 2023 verklaar (insluitende die teruggekoopte aandele).
- Totale dividende betaal en verklaar beloop R490 000.

VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

(35 punte; 30 minute)

3.1 KWALITEIT ELEKTRONIES BPK

Die maatskappy dryf handel in elektroniese toerusting. Die inligting verwys na die afgelope twee finansiële jare, geëindig 28 Februarie 2023.

C. Cruz is die HUB en daar is drie ander direkteure in die maatskappy.

GEVRA:

LET WEL: Verskaf syfers, finansiële aanwysers of berekeninge in ELKE geval om jou antwoord te staaf.

3.1.1 LIKIDITEIT:

Cruz is bekommerd oor die maatskappy se bedryfskapitaal oor die jare heen. Hy het 'n nuwe aanslag aan die direkteure voorgestel om bates vinnig in kontant om te skakel. Haal TWEE finansiële aanwysers aan en verduidelik waarom sy bekommernis geregverdig is. (4)

3.1.2 RISIKO EN HEFBOOM:

'n Aandeelhouer het aan Cruz voorgestel om 'n lening van sy vrou, wat 'n konsultant by 'n bank is, te verkry. Cruz stem nie saam met die voorstel nie. Verduidelik waarom jy met Cruz saamstem. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)

3.1.3 DIVIDENDE:

Die direkteure het besluit om die dividend uitbetalingskoers te verminder as gevolg van lae winsgewendheid en 'n lae groeikoers. Verskaf 'n berekening om hul besluit te regverdig. Gee EEN rede waarom hulle hierdie besluit geneem het. (6)

3.1.4 VERDIENSTE, OPBRENGS EN AANDEELPRYS OP DIE JEB:

(a) Lewer kommentaar op die maatskappy se % opbrengs en die verdienste per aandeel. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan. (4)

(b) Lewer kommentaar op die aandeelprys op die JEB en hoe die % opbrengs en verdienste per aandeel die aandeelprys beïnvloed het. Haal syfers aan. (2)

3.1.5 AANDEELHOUDING:

Verwys na Inligting A en C.

(a) By die AJV, het verskeie aandeelhouers gekla dat die Vergoedings Kommissie nalatig was in die uitvoering van hul pligte en dat Cruz nie die fooie wat hy as HUB betaal is, verdien het nie. Noem TWEE verskillende punte om hulle bekommernis te staaf. Haal syfers en finansiële aanwysers aan. (4)

Verwys na Inligting A, B en C.

- (b) Verduidelik waarom die ander direkteure ongelukkig is met die prys wat betaal is vir die aandele wat van Cruz teruggekoop is. Noem TWEE punte. Haal syfers en finansiële aanwysers aan om ELKE punt te ondersteun. (4)
- (c) Verskaf 'n berekening en lewer kommentaar oor of die terugkoop van die aandele Cruz se status as meerderheidsaandeelhouer geaffekteer het of nie. (3)
- (d) Verduidelik waarom die publiek nie daarin belanggestel het om die nuwe aandele teen die uitreikprys van R7,90 per aandeel te koop nie. Haal EEN finansiële aanwyser met 'n neiging aan (VPA en OOAB uitgesluit). (2)

INLIGTING:
A.

	2023	2022
Skuld/Ekwiteitsverhouding	0,5 : 1	0,4 : 1
Vuurproefverhouding	0,7 : 1	0,9 : 1
Voorraadomsetsnelheid	5,2 keer	8 keer
Handelsvoorraad tekort as 'n % van koste van verkope	6%	2%
% opbrengs op totale kapitaal aangewend	13%	20%
% opbrengs op aandeelhoudersbelang (OOAB)	5%	9,2%
Verdienste per aandeel	81 sent	93 sent
Dividende per aandeel	57 sent	90 sent
Netto batewaarde per aandeel	785	820
Markprys van aandele op JEB	760	840
Rentekoers van beleggings	7%	6%
Rentekoers op lening	14%	14%

B. Aandelekapitaal en aandeelhouding van HUB:
Totale aantal aandele:

	2023	2022
Aantal gemagtigde aandele	6 000 000 aandele	
Aantal aandele uitgereik op 28 Februarie	3 240 000	3 200 000
Aantal aandele besit deur C. Cruz	1 795 000	1 830 000

- Tydens 'n direksievergadering op 1 Maart 2022, is daar besluit om 35 000 aandele van die HUB, C. Cruz, teen R13,00 per aandeel terug te koop. Nie een van die ander direkteure het hierdie voorstel gesteun nie.
- 'n Verdere 75 000 aandele is op 30 April 2022 uitgereik. Die prys vir die aankoop was aanvanklik op R7,90 per aandeel gelys. As gevolg van swak reaksie van die publiek teen hierdie prys, het die direkteure ooreengekom om die aandele teen R6,70 per aandeel te verkoop.

C. Direkteursfooie:

	2023	2022
Direkteursfooie betaal aan die HUB	R2 500 000	R2 000 000
Totale fooie betaal aan die ander 3 direkteure	R3 000 000	R3 000 000

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR**(15 punte; 10 minute)**

Die onderstaande uittreksel is verkry uit 'n plaaslike koerant. Lees die artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg. Indien nodig, kan jy jou algemene kennis van maatskappye en korporatiewe bestuur gebruik om jou antwoorde te staaf.

GEVRA:**4.1 Die Menslike Hulpbronaafdeling****Verwys na paragraaf 1.**

- Verskaf TWEE sleutelfunksies waarvoor die Menslike Hulpbronaafdeling verantwoordelik mag wees. (2)
- Lys TWEE kwaliteite wat hulle van 'n voornemende kandidaat vir 'n bestuursposisie kan oorweeg. (2)
- Verduidelik die rol van die HUB in 'n maatskappy. (2)
- Watter impak sal die beeld van die maatskappy op die markprys van aandele hê? Verduidelik EEN punt. (2)

4.2 Goeie korporatiewe bestuur en bekommernisse van belanghebbendes**Verwys na paragraaf 2.**

- Verskaf TWEE moontlike vrae wat 'n bekommerde belanghebbende kan opper tydens 'n vergadering met die Menslike Hulpbronaafdeling. (2)
- Verduidelik EEN strategie wat Mangray Bpk kan gebruik om sy werknemers te betrek in kollektiewe besluitneming. Verskaf 'n rede vir jou antwoord. (3)
- "Goeie korporatiewe bestuur help maatskappye om te floreer en om te kan kompeteer." Verskaf TWEE punte om te wys waarom jy met hierdie stelling saamstem. (2)

INLIGTING:**REGSTELLING VAN FOUTIEWE OPTREDE! HOE GOEIE LEIERS SWAK
BESLUIE KAN REGSTEL WAT ANDER BELANGHEBBENDES KAN AFFEKTEER.****Paragraaf 1**

Die afname van Mangray Bpk se markprys het voorbladnuus gehaal nadat die media 'n geheime gesprek tussen die HUB en personeel, waar hulle onregmatig behandel is, bekend gemaak het. Die Menslike Hulpbrankomitee het navorsing gedoen en bevind dat die HUB tydens die gesprek met sy personeel, onvanpaste taal gebruik het. Daar is bevind dat sommige junior personeellede van sekere besluite bewus was voordat dit deur die raad bespreek is. Dit het objektiewe insette van ander direkteure belemmer.

Paragraaf 2

Nadat alle betrokke partye ondervra is, was dit duidelik dat daar 'n gebrek aan kommunikasie tussen die HUB en belanghebbendes is. Tydens 'n vergadering van die Menslike Hulpbrankomitee met personeel, is die belangrikheid van die King verslag beklemtoon. Dit handel oor 'n dialoog wat belanghebbendes se vertroue kan herstel, druk kan verlig, die maatskappy se reputasie kan verbeter en geleenthede kan bied om verwagtinge, idees en opinies oor aangeleenthede te vaartbelyn.

Paragraaf 3

Die HUB van Mangray Bpk het aangedui hoe hy besluite geneem het om verhoudings met belanghebbendes te bou en om die maatskappy se resultate te verbeter. Hy het geleer om nie in die skadu van die verlede te handel nie, om nie besluite te neem wat belanghebbendes sal teleurstel nie, om nie ander belanghebbendes se insette oor die hoof te sien nie en om prosesse toe te laat om veranderinge te weeg te bring.

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSER

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeelhouersekwiteit
(Handels- en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Aantal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien onderstaande nota)
$\frac{\text{Netto wins voor belasting + rente op lening}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwiteit + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersekwiteit}}{\text{Aantal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Interim dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandeel}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto wins na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
Nota: * In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandeel is, word die gewoogdegemiddelde-getal aandeel in die praktyk gebruik.	

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2023

10711

**REKENINGKUNDE
VRAESTEL 1**

ANTWOORDBOEK

11 bladsye

NAAM VAN SKOOL: _____

NAAM VAN LEERDER: _____

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	LEERDER SE PUNTE
1	Behoue Inkomste Nota en Staat van Finansiële Posisie	55	
2	Kontantvloeietaat en Finansiële Aanwysers	45	
3	Vertolking van Finansiële State	35	
4	Korporatiewe Bestuur	15	
TOTAAL		150	

VRAAG 1

1.1

Bereken: Waarde van slotvoorraad	
BEREKENINGE	ANTWOORD

5

1.2

(i) Bereken: Opgehoopte waardevermindering op voertuie	
BEREKENINGE	ANTWOORD

2

(ii) Bereken: Waardevermindering op toerusting vir die jaar	
BEREKENINGE	ANTWOORD

5

(iii) Bereken: Bateverkope teen drawaarde op voertuie	
BEREKENINGE	ANTWOORD

5

1.3 **BEHOUE INKOMSTE NOTA OP 30 JUNIE 2023**

Saldo aan die begin van die jaar	
Gewone aandele dividende	(440 000)
Saldo aan die einde van die jaar	1 045 000

10

1.4 Staat van Financiële Posisie op 30 Junie 2023

BATES	
NIE-BEDRYFSBATES	
Vaste deposito	582 000
BEDRYFSBATES	
TOTALE BATES	
EKWITEIT EN LASTE	
GEWONE AANDEELHOUSERSEKWITEIT	2 800 000
Gewone aandelekapitaal	1 755 000
Behoue inkomste	1 045 000
NIE-BEDRYFSLASTE	
Verbandlening	
BEDRYFSLASTE	
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	

28

PUNTE
55

VRAAG 2

2.1

2.1.1	
2.1.2	
2.1.3	

3

2.2.1

Bereken: Voorraad bedrag aan die einde van die finansiële jaar	
BEWERKINGS	ANTWOORD

2

Bereken: Inkomstebelasting betaal	
BEWERKINGS	ANTWOORD

4

Bereken: Dividende betaal	
BEWERKINGS	ANTWOORD

3

Bereken: Aankoop van vaste bates	
BEWERKINGS	ANTWOORD

5

2.2.2

KONTANTGEVOLGE VAN FINANSIERINGS AKTIWITEITE	

8

2.2.3

NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE	

6

2.2.4

Bereken: % netto wins voor belasting op verkope	
BEWERKINGS	ANTWOORD

3

Bereken: Bedryfskapitaal verhouding	
BEWERKINGS	ANTWOORD

3

Bereken: Dividende per aandeel	
BEWERKINGS	ANTWOORD

4

Bereken: % opbrengs op aandeelhouersekwiteit

BEWERKINGS

ANTWOORD

4

PUNTE

45

VRAAG 3

- 3.1.1 Cruz is bekommerd oor die maatskappy se bedryfskapitaal oor die jare heen. Hy het 'n nuwe aanslag aan die direkteure voorgestel om bates vinnig in kontant om te skakel. Haal TWEE finansiële aanwysers aan en verduidelik waarom sy bekommernis geregverdig is.

--

4

- 3.1.2 'n Aandeelhouer het aan Cruz voorgestel dat hy 'n lening van sy vrou, wat 'n konsultant by 'n bank is, moes verkry. Cruz stem nie saam met die voorstel nie. Verduidelik waarom jy met Cruz saamstem. Haal TWEE finansiële aanwysers aan.

--

6

- 3.1.3 Verskaf 'n berekening om hul besluit te regverdig.

--

4

Gee EEN rede waarom hulle hierdie besluit geneem het.

--

2

3.1.4 (a) Lewer kommentaar op die maatskappy se % opbrengs en die verdienste per aandeel. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.

4

(b) Lewer kommentaar op die aandeleprys op die JEB en hoe die % opbrengs en verdienste per aandeel die aandeleprys beïnvloed het. Haal syfers aan.

2

3.1.5 (a) Noem TWEE verskillende punte om hulle bekommernis te staaf. Haal syfers en finansiële aanwysers aan.

PUNT 1:

PUNT 2:

4

- (b) Verduidelik waarom die ander direkteure ongelukkig is met die prys wat betaal is vir die aandele wat van Cruz teruggekoop is. Noem TWEE punte. Haal syfers en finansiële aanwysers aan om ELKE punt te ondersteun.

PUNT 1:

PUNT 2:

4

- (c) Verskaf 'n berekening en lewer kommentaar oor of die terugkoop van die aandele Cruz se status as aandeelhouer geaffekteer het of nie.

BEREKENINGE	ANTWOORD

KOMMENTAAR:

3

- (d) Verduidelik waarom die publiek nie belanggestel het om nuwe aandele teen die uitreikprys van R7,90 per aandeel te koop nie. Haal EEN finansiële aanwyser met 'n neiging aan (VPA en OOAB uitgesluit).

2

PUNTE

35

VRAAG 4

4.1

Verskaf TWEE sleutelfunksies waarvoor die Menslike Hulpbronaafdeling verantwoordelik mag wees.

--

2

Lys TWEE kwaliteite wat hulle van 'n voornemende kandidaat vir 'n bestuursposisie kan oorweeg.

--

2

Verduidelik die rol van die HUB in 'n maatskappy.

--

2

Watter impak sal die beeld van die maatskappy op die markprys van aandele hê? Verduidelik EEN punt.

--

2

4.2

Verskaf TWEE moontlike vrae wat 'n bekommerde belanghebbende kan opper tydens 'n vergadering met die Menslike Hulpbronaafdeling.

	<table border="1"> <tr> <td></td> </tr> <tr> <td>2</td> </tr> </table>		2
2			

Verduidelik EEN strategie wat Mangray Bpk kan gebruik om sy werknemers te betrek in kollektiewe besluitneming. Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

	<table border="1"> <tr> <td></td> </tr> <tr> <td>3</td> </tr> </table>		3
3			

“Goeie korporatiewe bestuur help maatskappye om te floreer en om te kan kompeteer.” Verskaf TWEE punte om te wys waarom jy met hierdie stelling saamstem.

	<table border="1"> <tr> <td></td> </tr> <tr> <td>2</td> </tr> </table>		2
2			

PUNTE
15

TOTAAL: 150

EINDE

VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2023



10711
REKENINGKUNDE
VRAESTEL 1
ANTWOORDBOEK

11 bladsye

REKENINGKUNDE ANTWOORDBOEK V1



10711X

X05





GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2023

NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE VRAESTEL 1 (10711)

10 bladsye

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui in memo vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit getoon word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegeken word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees, of soos per nasienriglyne.
9. Waar metodepunte vir bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word. Indien 'n metodepunt toegeken is, word dit as 'een deel korrek beskou'.
10. Bewerkings: Moet nie punte vir bewerkings toeken waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
11. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☐.
12. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan toon.
13. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

1.4 Staat van Finansiële Posisie op 30 Junie 2023

* een deel korrek

BATES			
NIE-BEDRYFSBATES	TB – BA	3 119 800	✓
Vaste bates	NBB – VD	2 537 800	✓
Vaste deposito	2	582 000	
BEDRYFSBATES	BL x 1,2	1 407 600	✓✓
Voorraad	sien 1,1	898 800	✓
Handels en ander ontvangbares (Dep water& elek) (oordrag) (d fooi) (SAID I/B) (209 100✓ + 11 000 ✓ – 1 500 ✓ + 96 000 ✓✓ + 50 000 ✓✓)		364 600	✓*
Kontant en Kontantekwivalente	balanserende syfer	144 200	✓
TOTALE BATES	TB moet selfde as TE &A wees 13	4 527 400	✓
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
GEWONE AANDEELHOUSERSEKWITEIT		2 800 000	
Gewone aandelekapitaal		1 755 000	
Behoue inkomste		1 045 000	
NIE-BEDRYFSLASTE		554 400	
Verbandlening (609 840 + 83 160) (693 000 x 20%) 693 000 ✓✓ – 138 600 ✓✓ 4 OF 487 872 + 66 528		554 400 vier punte	✓
BEDRYFSLASTE		1 173 000	✓*
Handels en ander betaalbares (oordrag) (opg uitg huur) (763 860 ✓ – 1 500 ✓ + 12 040 ✓✓)		774 400	✓*
Aandeelhouders vir dividende		260 000	✓&
Lopende deel van lening		138 600	✓&
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	9	4 527 400	✓*

28

& inspekteer indien in H&AB ingesluit is
 -1 vreemde items maksimum -2 -1 aanbieding maksimum -2

TOTALE PUNTE	55
---------------------	-----------

VRAAG 2

2.1

2.1.1	Nie-bedryfslas ✓
2.1.2	Uitvloeï van kontant ✓
2.1.3	Bedryfsbate ✓

3

*Aanvaar alternatiewe metodes soos grootboek/ruil van tekens
Ignoreer hakies

2.2.1

Bereken: Voorraad bedrag einde van finansiële jaar.

BEWERKINGS	ANTWOORD
1 450 000 + 390 000	1 840 000 ✓✓

2

Bereken: Inkomstebelasting betaal

BEWERKINGS	ANTWOORD						
102 000 ✓ + 358 440 ✓ – 72 000 ✓ OF –102 000 – 358 440 + 72 000 een punt een punt een punt OF <table border="1"> <tr> <th colspan="2">SAID (Inkomstebelasting)</th></tr> <tr> <td>72 000</td><td>102 000</td></tr> <tr> <td>Betaal 388 440</td><td>358 440</td></tr> </table>	SAID (Inkomstebelasting)		72 000	102 000	Betaal 388 440	358 440	388 440 ✓*# een deel korrek
SAID (Inkomstebelasting)							
72 000	102 000						
Betaal 388 440	358 440						

4

Bereken: Dividende betaal

BEWERKINGS	ANTWOORD
(3 500 000 x 5/100) een punt OF (490 000 – 315 000) een punt 175 000 ✓ + 65 000 ✓	240 000 ✓*# een deel korrek

3

Bereken: Totale aankoop van vaste bates

BEWERKINGS	ANTWOORD
Voertuie drie punte 44 175 ✓ x 100/15 ✓ x 12/6 ✓ 589 000 Toerusting 62 000 ✓	651 000 ✓#

5

2.2.2	KONTANT GEVOLGE VAN FINANSIERINGSAKTIVITEITE	1 849 900 ☒ *	8
	Opbrengs met aandele uitgereik (300 000 x 4,2) 13 440 000 ✓ + 1 260 000 ✓ ☒ * – 9 700 000 ✓	5 000 000 ☒ *	
	Terugkoop van aandele	(1 500 000) ✓#	
	Terugbetaling van lenings (4 500 500 – 2 850 400)	(1 650 100) ✓#	

2.2.3	NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANT-EKWIVALENTE 862 700 ✓ – 3 132 600 ✓ + 1 849 900 ☒ sien 2.2.2 –2 299 900 twee punte	(420 000) ☒ *#	6
	Kontant en kontantekwivalente aan die begin	382 000 ✓	
	Kontant en kontantekwivalente aan die einde bewerking	(38 000) ☒	

2.2.4	Bereken: % Netto wins voor belasting op verkope		3
	BEWERKINGS	ANTWOORD	
	$\frac{1\,194\,800}{8\,240\,000} \times \frac{100}{1}$	14,5% ☒ een deel korrek	
	$\frac{937\,880}{8\,240\,000} \times \frac{100}{1}$	11,4% een deel korrek	

	Bereken: Bedryfskapitaal verhouding		3
	BEWERKINGS	ANTWOORD	
	1 430 000 ✓ : 650 000 ✓	2,2 : 1 ☒ een deel korrek toon as x : 1	

	Bereken: Dividende per aandeel		4
	BEWERKINGS	ANTWOORD	
	(315 000/3 500 000) 5c ✓ + 9c ✓✓ OF 0,05 + 0,09	14c ☒ een deel korrek aanvaar R0,14	

	Bereken: % Opbrengs op aandeelhoudersbelang		4
	BEWERKINGS	ANTWOORD	
	$\frac{836\,360}{\frac{1}{2}(13\,941\,500 + 10\,312\,350)} \times \frac{100}{1}$	6,9% ☒ een deel korrek	

TOTALE PUNTE	45
---------------------	-----------

VRAAG 3

3.1.1 Cruz is bekommerd oor die maatskappy se bedryfskapitaal oor die jare heen. Hy het 'n nuwe aanslag aan die direkteure voorgestel deur bates vinnig in kontant te omskakel. Haal TWEE finansiële aanwysers aan en verduidelik waarom sy bekommernis geregverdig is.

Finansiële aanwyser ✓ ✓ Verduideliking met syfers ✓ ✓

- Vuurproefverhouding het verminder van (0,9 : 1) tot 0,7 : 1/ met 0,2:1
- Voorraadomsetsnelheid het afgeneem van (8 keer) tot 5,2 keer / met 2,8 keer

4

3.1.2 'n Aandeelhouer het aan Cruz, die HUB, voorgestel om 'n lening van sy vrou wat 'n konsultant by 'n bank is, te verkry. Cruz stem nie saam met die voorstel nie. Verduidelik waarom jy met hom saamstem. Verskaf TWEE punte.

Finansiële aanwysers ✓ ✓ Neiging met Syfers ✓ ✓
Verduideliking ✓ ✓ (noem risiko /hefboom/Vergelyk met rentekoers)

Skuld ekwiteit verhouding	Opbrengs op totale kapitaal aangewend
Verhoog van (0,4: 1) tot 0,5: 1 / met 0,1:1	Verlaag van 20% tot 13% / met 7% basis punte
<u>Verhoogde/ hoër risiko</u> vergeleke met laas jaar.	Negatiewe hefboom / laer as die rentekoers op lening van 14% /die onderneming maak nie effektief gebruik van hul lenings nie en genereer nie wins nie.

6

3.1.3 Verskaf 'n berekening om hul besluit te regverdig.

- In 2022: $90/93 \times 100 = 96,8\%$ ✓✓ van VPA is as dividend uitgekeer
OF: behoue 3,2% twee punte
- In 2023: $57/81 \times 100 = 70,4\%$ ✓✓ van VPA is as dividend uitgekeer
OF: behoue 29,6% twee punte
OF: $96,8\% - 70,4\% = 26,4\%$ vier punte

4

Gee EEN rede waarom hulle hierdie besluit geneem het.

Geldige rede ✓✓

- Hulle het besluit om fondse terug te hou vir toekomstige uitbreidings van die onderneming.
- Hulle wil die kontantvloei verbeter.
- Gelykmaking van dividend vir die toekoms

2

3.1.4
(a)**Lewer kommentaar op die maatskappy se % opbrengs en die verdienste per aandeel. Haal TWEE finansiële aanwysers aan, met syfers.**

Finansiële aanwysers (met neiging) ✓ ✓ syfers met verduideliking ✓ ✓

- OOAB afgeneem van 9,2% tot 5% (met 4,2%)/in vergelyking met alternatiewe beleggings. (Vaste deposito's bied 6% in 2021 en 7% in 2022).
- VPA verminder van 93 sent tot 81 sent (met 12 sent; of met 12,9%)/verteenwoordig 'n afname in winsgewendheid

OF Verdienste opbrengs: 93/820 (11,34%) tot 81/785 (10,31%) – deur NBW te gebruik 93/840 (11,07%) tot 81/760 (10,65%) – deur MP te gebruik

4

(b)

Lewer kommentaar op die aandeel prys op die JEB en hoe die % opbrengs en verdienste per aandeel die aandeelprys beïnvloed het. Haal syfers aan.

Kommentaar op die mark prys ✓ (met syfers) ✓

Die afname in verdienste het 'n afname in die aandeelprys op die JEB van 840 sent tot 760 sent (met 80 sent/9,5%)/'n afname in vraag na aandeel/beleggersvertroue

OF

Vergelyking van MP met Netto bate waarde (NBW) ✓ (met syfers) ✓

- Die MP (760c) is laer as die Netto bate waarde (785c) met 25 sent/wat 20c hoër as NBW in 2022 is/dui op 'n afname in vraag

2

3.1.5
(a)**Noem TWEE verskillende punte om hulle bekommernis te staaf. Haal syfers en finansiële aanwysers aan.**

Enige TWEE geldige punte (met syfers) ✓✓ ✓✓

PUNT 1

- Cruz het homself 'n 25% verhoging gegee.
- R500 000 verhoging is meer as die fooie van die ander direkteure aangesien hulle nie 'n verhoging gekry het nie (onveranderd op R1 000 000 elk).

PUNT 2

- VPA verminder van 93c tot 81c **of** (met 12c)
- OOAB verminder van 9,2% tot 5% of 4,2 basis punte

4

- (b) **Verduidelik waarom die ander direkteure ongelukkig is met die prys wat betaal is vir die aandele wat van C. Cruz teruggekoop is. Noem TWEE punte. Haal syfers en finansiële aanwysers aan om ELKE punt te ondersteun.**

Syfers ✓ ✓ Verduideliking ✓ ✓

PUNT 1

Die aandele is teen R4,80 hoër as die NBW per aandeel teruggekoop (1 300c – 820c)/59% bo NBW/hy het 'n verhoogde prys ontvang/kan die kontantvloei van die onderneming benadeel.

PUNT 2

Die aandele terugkoop prys is R4,60 meer as die markprys van die aandele (1 300c – 840c)/dis 'n onredelike prys aangesien daar geen belangstelling in die aandele is nie.

4

- (c) **Verskaf 'n berekening en lewer kommentaar oor of die terugkoop van die aandele C. Cruz se status as aandeelhouer geaffekteer het of nie.**

BEREKENINGE	ANTWOORD
$\frac{1\,795\,000}{3\,240\,000} \times \frac{100}{1}$	55,4% een deel korrek moet 'n % wees

Kommentaar

Hy is steeds die meerderheidsaandeelhouer/Aandeelhouding het verminder van 57,2% tot 55,4%

3

- (d) **Verduidelik waarom die publiek nie belang gestel het om nuwe aandele teen die uitreikprys van R7,90 per aandeel te koop nie. Haal EEN finansiële aanwyser met 'n neiging aan. (VPA en OOAB uitgesluit)**

Finansiële aanwyser met syfer ✓ Verduideliking ✓

- DPA verminder van (90c) tot 57c – aandeelhouers kry nie 'n billike opbrengs nie.
- R7,90 is nie 'n goeie aanbod vergeleke met die markprys van R7,60 / (R8,40) nie, veral indien hulle dan bereid was om hul aandele teen R6,70 te verkoop. Dit toon die maatskappy se desperaatheid om kapitaal te bekom.

2

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 4

4.1

Verskaf TWEE sleutelfunksies waarvoor die menslike hulpbronaafdeling verantwoordelik mag wees.

Enige TWEE punte ✓ ✓

- Werwing, aanstelling en die behou van talent.
- Ontwikkeling en opleiding van personeel.
- Vergoeding en voordele van werknemers.
- Nakoming van werksplek veiligheid.
- Vereker regverdigheid in die werkplek.
- Ondersoek wangedrag en onetiese optrede.
- Hanteer dissiplinêre maatreëls.
- Bekendstelling (inlywing) van nuwe werkers.

2

Lys TWEE kwaliteite wat hulle van 'n voornemende kandidaat vir 'n bestuursposisie kan oorweeg.

Enige TWEE geldige punte ✓ ✓

- Leierskap vaardighede
- Professionele ervaring / Welslae in vorige poste bekleë
- Goeie kommunikasie
- Tydsbestuur vaardighede
- Goeie administratiewe vaardighede
- Goeie besluitneming vermoë en konflikthantering vaardighede

2

Verduidelik die rol van die HUB in 'n maatskappy.

Geldige verduideliking ✓✓

deelpunte vir onduidelike/onvoltooide antwoord

HUB is verantwoordelik vir die neem van belangrike korporatiewe besluite en die oorhoofse bestuur van die maatskappy asook die hulpbronne van die maatskappy.

2

Watter impak sal die beeld van die maatskappy op die markprys van aandele hê? Verduidelik EEN punt.

Geldige verduideliking ✓✓

deelpunte vir onduidelike/onvoltooide antwoord

Goeie beeld	Swak beeld
• Verhoog die aandeleprys en nooi potensiële beleggers om aandele te koop	• Verlaag die aandeleprys en huidige aandeelhouders sal hul aandele verkoop/ontmoedig potensiële beleggers teen aandele koop

2

4.2

Verskaf TWEE moontlike vrae wat 'n bekommerde belanghebbende kan opper tydens 'n vergadering met menslike hulpbronne.

Geldige verduideliking ✓ ✓

- Hoe het hierdie hoofberig die maatskappy beïnvloed?
- Hoekom was daar nie 'n dissiplinêre verhoor teen die HUB nie?
- Watter stappe sal teen die HUB geneem word indien hy aanhou om belanghebbendes swak te behandel?
- Het die onderneming beleidsmaatreëls wat senior bestuur leiding gee oor hoe om belanghebbendes te behandel?
- Watter maatreëls kan geïmplimenteer word om sulke gedrag in die toekoms te voorkom?

2

Verduidelik EEN strategie wat Mangray Bpk kan gebruik om sy werknemers te betrek in kollektiewe besluitneming. Verskaf 'n rede om jou antwoord te motiveer.

Verduideliking ✓✓	Rede ✓
• Doen menings opnames van werknemers om terugvoering oor korporatiewe besluite te kry.	Kry beter idees en verbeter resultate/ Werknemers se insette word in ag geneem.
• Stig werknemer forums wat as verteenwoordigers van werknemerkwessies kan optree / Kry verteenwoordiging van die werkers op die raad.	Werkers sal op alle tereine verteenwoordig wees/ Moedig oop deurbeleid aan / Aanmoediging van gemeenskaplike finansiële taal.
• Behandel werkers regverdig sonder om enige gunste te verwag.	Bevorder en verbeter spanwerk / Bevorder deursigtigheid en eerlike voorstelle/ insette
• Stuur werkers op werkswinkels wat die toekomsvisie van die maatskappy bevorder.	Verhoog produktiwiteit / Verbeter vertrouwe, vaardighede en kompiteer met huidige tendense (neigings).

3

“Goeie korporatiewe bestuur help maatskappye floreer en om te kan kompeteer”. Verskaf TWEE punte om te wys waarom jy met hierdie stelling saamstem.

Enige TWEE geldige verduidelikings ✓ ✓

- Dit verskaf 'n duidelike visie van die toekoms en gee mikpunte.
- Vergemaklik die aantrekking van potensiële beleggers
- Dit verbeter prestasie en verkry beter finansiële resultate.
- Ontsluit nuwe idees en reageer op nuwe geleenthede.
- Doen menings opnames van werknemers om terugvoering oor korporatiewe besluite te kry.

2

TOTALE PUNTE**15****TOTAAL: 150**